LYF – jou gadgets

Dit is so ontwerp dat dit in die kleinste, moeiliks bereikbare areas, soos langs jou neus en rondom jou oë, ook kan bykom. Dis ook effektief om onegalige velkleur en littekens te behandel.

As jy dit 'n bietjie ingewikkeld vind om 'n rollertjie te gebruik, sal hierdie toestel heelwat makliker wees om te hanteer omdat dit ontwerp is met die spiere in jou hand en pols in gedagte.

Vir jou naaste Environ handelaar, skakel 0800 220 402 (tolvry in Suid-Afrika) of e-pos tollfree@environ.co.za.

een maklike oplossing vir alles

Annique DermaLIFT (**R1 799**) **Galvanic-Ion** help om plooie uit te stryk en vernuwe jou vel. Hierdie wondertoestel met 'n lae vlak van 'n galvaniese stroom verbeter bloedsirkulasie. Dit maak jou vel stywer en sagter.

Die ioon-en-infrarooi-behandelingsprogram help om noodsaaklike voedingstowwe na jou vel toe te vervoer en om onsuiwerhede uit jou vel te trek. Die DermaLIFT verbeter die werking van jou produkte, wat weer jou vel sal vernuwe. Jou vel word inderwaarheid skoner, jonger en gesonder. Gebruik dit saam met Annique se velsorgprodukte vir die beste resultate.

Jy het omtrent 16 minute 'n dag nodig om die tekens van velveroudering te takel, selproduksie te verhoog, en plooie te voorkom en te verminder. Dit verbeter jou gelaat en die elastisiteit van jou vel. Die resultaat is so merkwaardig dat jy skaars sal glo dat daar geen gifstowwe of inspuitings betrokke was nie.



DermaLIFT word ook met groot sukses gebruik om aknee en pigmentasie te behandel. Gebruik dit op enige deel van jou lyf – veral dáár waar jy die meeste met selluliet sukkel.

Vir meer inligting: www.annique.co.za.

blaas droog soos 'n haarkapper

Jy droom daarvan om elke oggend jou hare vinnig en professioneel droog te blaas en te lyk of jy pas by die haarkapper was. Vantevore was dit net wensdenkery, maar nóú is daar hoop.

Die vervaardigers van die ghd-warmtang, wat al tien jaar op die mark is, het die behoefte onder vroue geïdentifiseer vir 'n salonsterkte haardroër wat maklik is om tuis te gebruik.

Die **ghd air** het al die krag van 'n salonhaardroër met slim ekstras vir maklike gebruik tuis. 'n 2100 watt-motor maak jou hare vinnig droog en die gevorderde ioniese tegnologie gee jou gladde, sysagte hare sonder kroeserigheid. Die oulike *cool shot*-knoppie is een van sy beste kenmerke. Dit stel jou in staat om enige tyd terwyl jy droogblaas 'n vinnige stroom koue lug te blaas sonder om al die stellings te verander. Al is die motor groot, is die droër steeds só ontwerp dat dit nie ongemaklik of swaar in jou hand word nie. 'n Driemeterkoord is 'n welkome ekstra.

Ghd air (**R1 499**) by uitgesoekte haarsalonne of www.ghdhair.com/za.

foutlose grimering vir elke dag

Grimeerkwassies kan die aanwending van jou grimering verander van amateuragtig tot foutloos en professioneel. Belê in die beste kwassies wat jy kan bekostig. As jy mooi daarna kyk, kan dit jare lank hou.

'n Ervare grimeerkunstenaar by jou naaste kettingwinkeltoonbank sal goeie raad kan gee oor die basiese kwassies wat jy moet hê. Wêreldbekende grimeerkunstenaar, **Bobbi Brown**, beveel die volgende aan:

'n Verbloemerkwassie (**R315**) om maklik in die hoekies van jou oë by te kom. Gebruik dit ook om 'n druppel ekstra verbloemer oor vlekkies aan te wend.

'n Groot, stewige **onderlaagkwas** (**R460**). Maak seker die hare van die kwassie is van goeie sintetiese materiaal gemaak sodat die onderlaag nie streperig aanwend nie.

'n Drie-in-een ***face blender*** (**R570**). Dis ideaal as jy net begin om jou versameling kwassies op te bou. Gebruik dit om verbronser of blosser aan te wend.

'n Goeie gehalte **oogskadukwassie** (**R325**) met natuurlike, sagte, ronde hare met afgeskuinste kante om te verhoed dat dit skerp, harde lyne maak.

'n **Oogomlynerkwassie** (**R315**) se kort, digte haartjies is teen 'n hoek gesny sodat jy maklik die perfekte lyntjie kan trek.

Bobbi Brown-kwassies is beskikbaar by uitgesoekte takke van Edgars en Bobbi Brown-winkels. www.bobbibrown.co.za.

spesiaal vir 'n jonger lyf

Die nuutste tegnologie van **NuSkin, ageLOC Galvanic Body Spa**, is onlangs in Suid-Afrika bekendgestel as deel van die ageLOC Galvanic Body Trio pakket. Die pakket bevat die nuwe ageLOC Galvanic Body Spa eenheid en twee gevorderde teenverouderingsprodukte, naamlik die ageLOC Body Shaping Gel en ageLOC Dermatic Effects. Jy is 'n sagter, slanker en fermer lyf gewaarborg.

Hierdie toestelletjie is spesiaal ontwerp om op probleemareas op jou lyf gebruik te word. Polsende strome stimuleer die vel, raak van onsuiwerhede ontslae en verminder tekens van veroudering. Dit verhoog ook die inname van teenverouderingsprodukte. Die Body Shaping gel versag die voorkoms van vet en selluliet en laat jou maerder lyk. Jou vel kry weer 'n jeugdige voorkoms.

Die ageLOC Dermatic Effects werk op die oorsprong van veroudering en maak jou vel jonger en fermer.

Die **ageLOC Galvanic Body Trio** pakket kos **R4 568,85** en word regstreeks deur agente versprei. Skakel 0800 993 998 vir navrae of e-pos southafricasupport@nuskin.com.

Artikel Yolandi North

Bronne: www.womansday.com.